



KAMMANUUS

Nommer 331

18 Junie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Petaljes met . . . wel, lees maar self!

Hier vat ons toe laas week bietjie pad Duskantland toe. Soos hulle my mooi hier in Sandkantland geleer het, stuur ek eers vir Kameraatjie vooruit om die gebied te verken en te sien of als veilig is.

Ek klim toe 'n week later, en wat 'n lekker verrassing: Die vliegtuig is amper leeg! Lyk my nie mense kom kuier graag in die koue tye in Suid-Afrika nie. Dis net so 'n paar sakemense en terugkerende vakansiegangers uit die warm dele van Asië.

Sou ek darem 'n lelike borrel gehap het as ek toe rêrig pure verniet 'n besigheidskaartjie gaan staan en koop het. Ons lywige en rondomvet-manne sukkel mos almelee met die beenspasie op vliegtuie. Veral as 'n mens ingepak is soos sardientjies en die antie voor jou, sonder waarskuwing, gooi haar sitplek- in lêplek-houding nog voordat jy jou eetplankie kan wegbêre. Dis ook meer skuins sit as lê. Dan word so 'n twaalf ure se vlug Slaapstad toe 'n nagmerrierit.

Maar terug by die lekkerte van 'n leë vliegtuig. Skaars is hy in die lug, en die manne skarrel almal vir 'n ry onbesette sitplekke. Voor my is twee maatjies van Boston (die Kaapse een) en sodra ons uitvind ons praat 'n gemene taal, begin hulle vertel van hul besoek aan Thailand.

Soos hulle ma's hulle geleer het, word daar eers familie uitgelê en vind ons dat daar nie 'n verband tussen die Kaapse Fouries en my oorle stiefpa Piet Fourie is nie, maar vind ek darem uit dat een se oom bankbestuurder is in Hermanus, juis waarheen ek op pad is.

Moet mos hoeka een of ander tyd my rekening skuif van Stilfontein, waar hy nou al 32 jaar is. So help die een hand mos 'n ander. Min weet ek my beurt kom nog, so met die landing in die kaap.

Vertel die manne my toe van die petalje by Doha. Hulle moes vanoggend weer deur doeane nadat hulle gisteraand in Katar oornag het weens hul laat aansluitingsvlug van Bangkok af.

As aanloop tot die storie verduidelik hulle eers dat hulle met hul vorige vakansie in Bali, een van eiland se populêre fertiliteitsimbole, 'n yslike penis, uit hout gesny gekoop het as aandenking van hul besoek. Die ding het toe soveel aandag by die huis getrek dat hulle besluit om vir al hulle maatjies een saam te bring uit Thailand. Daar kry mens hulle mos in alle vorme, en groottes en nog spotgoedkoop ook.

So beweeg die sak vol penisse toe op die vervoerband voor die sekuriteitskameras verby. Ergste van als, die kameras word deur twee gesluerde vroumense in swart beman. Erg konserwatiewe Moslems.

Merk hierdie antie toe mos onraad op. Stop die band en laat hom so effe terug-beweeg. Leun oor en fluister vir haar maatjie iets. Die twee glo duidelik nie wat hulle sien nie en vra die Suid-Afrikaners om die tassie uit te pak.

Baie huiwerig en bloedrooi in die gesig pak die manne toe maar uit. Die staal tafel lê toe besaai met phallusse van elke kleur en geur. Een van die ninjas in swart skrik so groot sy vat sommer pad. So in die verbygaan hoor hulle haar onbeheersd giggel.

Die ander een beduie woes terwyl sy anderpad kyk: "Pak terug! Pak terug!"

So met die aantog en daling na die Kaapse lughawe merk ek die maatjies raak weer kriewelrig.

Toe kom die vraag waarvoor ek gevrees het, "Kan oom ons nie dalk asseblief help om 'n paar p**le deur te vat nie?"

My beurt was my beurt. Ons Saners staan mos saam deur dik en dun, lank en kort.

Hennie Greeff

Op vakansie in Duskantland

UITGEWER VAN KAMMANUUS

**Hoe sê jy op Afrikaans:
The good, the bad and the ugly?
Ek, my vrou en my skoonma!**

**Ek sien gister twee boemelaars wat
mekaar met kartonbokse slaan.
Seker maar besig met 'n kussinggeveg.**

Om die kampvuur

ONSE JULIUS



Julius Malema het onlangs gesê: "Ek wil hê die mense van Suid-Afrika moet my soos Nelson Mandela behandel." Waarop Evita Bezuidenhout teruggekap het met: "Uitstekende idee. Kom ons begin met 27 jaar tronkstraf."



Russiese gesegdes

As die rykes oorlog maak, is dit die armes wat sterf.

'n Gek se tong is vinniger as sy voete.

Elke haarkapper weet dit ('n oop geheim).

'n Baard maak nie van jou 'n filosoof nie.

Dis lekker om te kuier, maar dis nog lekkerder om huis toe te gaan.

Die duiwel sit 'n bietjie heuning op jou buurman se vrou.

Fleitaal maak vriende, die waarheid maak vyande.

Vodka en gesonde insig is nie maats nie.



WEES EERLIK:
Jy is nie in staat om self iets slim uit te dink nie.

Kennisgewings in die kerk

Adam en Eva het die slang blameer, en die slang het nie 'n voet gehad om op te staan nie.

Al ons dienste is nuut. Ons laat die herhalings oor aan die TV.

Sukkel jy om te slaap? Moenie skape tel nie – praat met die Skaapwagter.

Praat goed van jou vyande – jy het hulle self gemaak.

Gratis inligting oor beleggings

As jy 'n jaar gelede R1000 se Nortel-aandele gekoop het, sal dit nou R49 werd wees.

As jy R1000 se aandele in Delta-lugdiens gekoop het, sou daar nou ook R49 oor gewees het.

Met Enron-aandele sou jy R16.50 van jou R1000 oorgehad het.

Met WorldCom sou daar minder as R5 oor gewees het.

MAAR as jy 'n jaar gelede R1000 se wyn gekoop het, alles opgedrink en die bottels ingeruil het, sou jy nou R214 gehad het.

Dit is duidelik dat jou beste huidige belegging is om baie te drink en die bottels te herwin.

Stuur hierdie boodskap aan vir almal vir wie jy omgee.

NOG GRATIS INLIGTING VAN KAMMANUUS

DIE BESTE BOODSKAP om op jou foon te plaas

Hierdie antwoord is aangewys as die Beste Antwoordmasjienboodskap van die Jaar:

"Ek is nie op die oomblik beskikbaar nie, maar dankie dat jy genoeg omgee om my te bel.

"Ek is besig om 'n paar veranderinge in my lewe te maak.

"Laat asseblief jou boodskap ná die sein. As ek jou nie terugbel nie, is jy een van die veranderinge."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com

BOER IN DIE STAD



VERKEERDE DINGETJIE

Dokter aan sy vrouepasiënt:
"Jou hart, longe, pols en bloeddruk is gesond. Wys nou vir my daai dingetjie wat julle vrou in alle soorte moeilikheid kry."
Die vrou gaan oor tot aksie en trek haar broekie uit.
Dokter: "Nee! Nee! Trek asseblief weer aan! Wys my net jou tong!"

PIENK BEWYSIES

Twee babas lê langs mekaar in die kraamsaal.
"Ek is tog 'n Blou Bul," sê die babaseuntjie.
"Wys my" sê die babadogtertjie.
"Goed, maar eers as die suster weg is," antwoord hy.
Toe die suster later uitstap, skop hy sy kombersie af en sê trots:
"Kyk my pienk kousies!"
(Ingestuur deur Jaco de Beer)

Seuntjie se gebed:

"En Heer, as U nie van my 'n goeie kind kan maak nie is dit oukei. Ek geniet my lewe soos hy is."

LIGTE UIT

Die jong Brakpan laaitie gaan kuier by sy meisie op die plaas, en haar pa sê:
"Onthou net, tienuur moet al die ligte uit wees."
Laaitie: "Nee, dis reg so, oom. Ek is nie hier om boek te lees nie!"

SUID-AFRIKAANSE PAAIE

Voor 1994 het Suid-Afrikaners aan die linkerkant van die pad gery.
Ná 1994 het hulle ook aan die linkerkant van die pad gery.
In 2012, ná 18 jaar van demokrasie, ry hulle op die stukke van die pad wat oor is.

ROLLE OMRUIL

Die spietkop stop een nag laat die kar op die snelweg en vra die bestuurder om uit te klim.
Bestuurder: "Jong, ek isj nou sjo dronk, hoekom klim jy nie liewer in nie?"

MANS LUISTER MOOI

'n Vrou vra haar man: "Liefing, kan jy aseblief gou winkel toe gaan? Gaan koop een karton melk, en as hulle eiers het, koop ses."
Manlief sit af supermark toe en kom terug met ses kartonne melk.
Vroutjie vra verslae: "Nou koekom het jy ses kartonne melk gekoop?"
Manlief: "Want hulle het eiers."

NET KLAAS GROET

Elke oggend groet die Engels-onderwyser die Afrikaanse leerlinge met "Good morning, class!" maar net een seuntjie groet terug.
Dit het weke lank so aangehou, totdat sy die klas vra hoekom net een kind opstaan en teruggroet.
Die seuntjie antwoord toe: "It's because I are the only person here what's name are Klaas!"

PEANUTS deur Schulz





Duskantlanders in Anderkantland

Amerika se minderhede het baie voorregte

Deur **FREDDIE BURGER**

Elke naweek vaar ek oor na Annette-eiland, 'n Indiane-reservaat, om vir 'n paar dae daar te gaan woon en werk. Ek gaan tuis in 'n pragtige moderne dubbelverdiepinghuis met sentrale verhitting en al die denkbare moderne geriewe.

Die plaaslike mense, die Tsimshian-stam, het die huis eiehandig gebou en hierdie huis is maar net een van die mooi moderne huise in die reservaat. Daar is ook 'n aantal vervalde huise, maar nee, nie vergelykbaar met 'n tipiese lokasie nie. Die mense het verkies om hier te kom bly en kan enige tyd verhuis as hulle wil.

Brandstofverkope is nie groot nie, want daar is net 'n enkele pomp. Alkohol- en dwelmverkope bring niks in nie, want dit is verbode om hierdie items in die reservaat in te bring, ook vir eie gebruik. Persone wat daarmee gevang word, kan uit die reservaat geskop word en verbied word om terug te keer.

Sondagoggende ry ek kerk toe onder die gebeier van kerkklokke. Hierdie tyd van die jaar bid ons veral vir 'n goeie visvangseisoen, want dit is hoe die meeste van hierdie mense 'n inkomste verdien - deur 16 tot 18 uur per dag op die see deur te bring!

Diegene wat nie visvang nie, gebruik hulle natuurlike talent om kunsvoorwerpe te maak wat hulle aan toeriste verkoop. Sommige is kerwers wat uit sederhout, wat hier volop is, totempale, veelkleurige maskers en ander voorwerpe kerf. Ander vleg mandjies en allerlei items uit boombas en wortels of maak juweliersware.

Die blote bestaan van reservate is 'n bewys daarvan dat die regering die behoefte van die *Native Americans* (dié benaming is verkieslik bo Indiane) aan 'n eie soewereine grondgebied en die handhawing van 'n volkseie leefwyse erken, iets wat vir 'n Suid-Afrikaner baie interessant is.

Nie alle Native Americans woon in reservate nie omdat dit baie beperkings op hulle leefwyse kan plaas. In 'n reservaat is daar byvoorbeeld nie privaat grondbesit nie omdat alles aan die stam behoort.

Hoekom werk as jy alles verniet kry?

Daar is mense wat dink dat die Native Americans te veel erkenning kry, veral as 'n mens kyk na die voorkeurbehandeling wat hulle kry met die benutting van natuurlike bronne soos visvang, jag en ander bedrywighe.

Dan is daar ook die talle klinieke en gratis mediese dienste. Minderheidsgroepe in Suid-Afrika kan maar net droom hiervan. Die grootste deel van die Indiaanse bevolking se inkomste kom uit dobbelregte wat deur die wet verskans word. Dit is 'n multimiljard dollar bedryf en is natuurlik ook belastingvry!

Die meeste van hierdie reservate is in die Midweste of in die westelike state van die VSA. In die ooste - New York, Georgia, ens. - is daar nie noemenswaardige reservate nie. Sommige van hierdie reservate se mense leef in armoede, maar nou ja, as die staat alles verniet gee, waarom sal 'n man dan werk?

Beroemdes wat van die Native Americans afstam, maar nie in reservate wou gaan woon nie is Elvis Presley, Val Kilmer, Johny Depp (almal Cherokee), Colin Powell (Arawak) en Chuck Norris, wat in die reeks *Walker Texas Ranger* sy Indiaanse stamboom goed benut.

[Ds. Freddie Burger woon in Ketchikan, Alaska. Hierdie artikel het oorspronklik in Kammanuus 164 verskyn.]

APRILGEK-GRAPPIE

In 1957 het die BBC-TV aangekondig dat danksy 'n baie matige winter en die eliminasië van die gevreesde spaghetti-luis, Switserse boere 'n goeie spaghetti-oes beleef het. Die aankondiging het beeldmateriaal ingesluit van Switserse arbeiders wat stringe spaghetti van bome aftrek. Groot getalle kykers is ingeloopt, en baie het gebel om te hoor hoe hulle hul eie spaghetti-bome kan aanplant.

In die kindertuin

'n Groepie kindertuin-kindere was besig om hard te probeer om aan gr.1 gewoond te raak. Hul eerste hekkies was toe die onderwyser aandring dat hulle nie meer babawoorde moet gebruik nie.

Sy vra toe vir Jannie wat hy oor die naweek gedoen het.

"Ek het vir my nana gaan kuier."

"Nee, nee! Jy het vir jou OUMA gaan kuier! Gebruik grootmenswoorde!"

Sannie is volgende aan die beurt.

"Ek het op die tjoe-tjoe gery."

"Nee! Jy het op die TREIN gaan ry! Onthou, grootmenswoorde!"


Toe vra sy vir Alex wat hy die naweek gedoen het.

"Ek het 'n Engelse boek gelees."

"Wonderlik! En watter boek het jy gelees?"

Alex het hard gedink, sy bors uitgestoot en gesê:

"Winnie the Shit."



Liewe Lena

Ek gaan nou al ses jaar met dieselfde man uit. Ons sien mekaar elke aand. Hy sê hy het my lief, en ek weet ek het hom lief, maar hy praat nooit van trou nie. Dink hy hy gaan net met my uit oor wat hy kan kry?

Gertie

Liewe Gertie

Ek weet nie. Wat kry hy?

Skerp sêgoed

Ek wil soos my oupa sterf. Hy is vreedzaam in sy slaap oorlede - nie soos al die skreeuende passasiers in die motor nie.

-- *Onbekend*

Advies: As jy baie gestres is en 'n hoofpyn het, doen wat op die botteltjie met hoofpynpille staan: "Neem twee" en "Hou weg van kinders."

- *Onbekend*

So, jy haat jou werk? Hoekom het jy nie so gesê nie? Daar is 'n ondersteunersgroep vir mense soos jy. Sy naam is ALMAL en hulle vergader in die kroeg.

-- *Drew Carey*

Dis nie lekker om dronk mense huis toe te neem nie. Maar as dit ooit met jou gebeur, moet jy pret hê: Laai almal by die verkeerde huis af.

-- *Jeff Foxworthy*

My skoonma sê sy het op die harde manier leer swem: Hulle het haar op 'n bootjie die see in geneem en haar oorboord gestamp. Sy weet tot vandag nie hulle wou haar nie leer swem nie.

-- *Paula Poundstone*

'n Studie deur die Washington Post sê vroue het beter verbale vaardighede as mans. Ek wil net vir daardie navorsers sê: "Duh."

-- *Conan O'Brien*



Deel 21 - Laaste 'n Soldaat sterf van die dors



DIRK BOSHOFF

vertel in die laaste aflewering van sy reeks hoe 'n soldaat weens nalatigheid gesterf het.

Aan die einde van November 1986 is ek darem nou regtig 'n ou man. Ons maak reg vir uitklaring op die Waterkloof-Ilugmagbasis. Ek het later ook darem 'n vol korporaal geword.

So kom daar later op Mpacha 'n nuwe mediese dienspligtige aan. Dit is sy eerste grensdiens. Hy meld aan by hulle afdeling en moet die volgende dag sy eerste voetpatrolie met sy bataljon doen.

Dit is baie warm. Wanneer 'n mens die vragvliegtuie inbring en die voorwiele draai, trek hulle partykeer die teer uit die laaiblad uit. Ons meet op Mpacha een dag 'n temperatuur van 54 °C. Dieselfde dag neem twee mediese korporaa's 'n mediese bataljon uit. Daar is wilde diere in die veld: leeus, olifante, terroriste, ensovoorts.

Om een of ander rede besluit die twee korporaa's, wat ook aan die einde van Desember 1986 moes uitklaar, dat hulle die nuweling 'n les of twee wil leer. (Ek noem dit somer "rang trek"). Hulle wil bewys dat hulle iets is en ervaring het.

Ná so 'n stuk of drie ure in die bos laat weet hulle die nuweling dat hy op sy eie moet stap en moet sorg dat hy voor sonder terug is in die basis. Hulle los hom op 'n plek, en hy weet nie waar is noord, oos, wes of suid nie. Hy weet nie waar om water te kry nie. Dit blyk dat hy ook nie geweet het hoe om in die veld te oorleef nie.

Omdat hy ook nog jonk was en emosioneel nie gereed was vir so iets nie, het hy vreesbevange geraak. Die twee korporaa's vergeet van hom en eers 'n week later val dit hulle by dat die medic nog nie opgedaag het nie.

Ons moed met 'n Allouette uitvlieg om hom te gaan soek, min of meer waar die Korporaals hom gelos het. Ná dertig minute word hy opgespoor - dood. Volgens wat daar gekry is moes hy rondgesoek het vir water, want sy waterbottel was leeg. Sy mediese goed wat hy moes saamdra het om hom gelê. Hy het 'n drup op homself gesit en dié was nog aan sy arm. Uiteindelik het hy hom met sy R4-masjien geweer deur die kop geskiet.

Die twee korporaa's is militêre aangekla ek moes op Mpacha agterbly tot ná die verhoor. Wat van die twee geword het weet ek nie, maar weer was nalatigheid die oorsaak van 'n soldaat se dood.

"Daar was goed omgesien na die Ovambo's en Boesmans."

Baie soldate is in die "oorlog" dood, baie het ook gesterf weens nalatigheid en miskien emosionele onvolwassenheid. Die ouderom waarop ons ons militêre diensplig moes doen kon dalk ook 'n invloed gehad het.

So kom middel Desember nader en ek is klaar met my grensdiens. Ek vlieg saam met ander soldate na die States.

Daar was goed omgesien na die Ovambo's en Boesmans wat saam met ons in die oorlog was. 'n Boesman het spoorsnywerk gedoen tot so 'n kilometer van die vyand af, dan moes die voetsoldate die res doen.

'n Ovambo-vrou sit langs my wat hulp nodig het weens 'n siekte of iets. Sy het langs my gesterf op pad na die States waar ek haar lyk moes help aflaai nadat sy teen my geval het voor die landing.

Ek het al baie gesit en dink: Moet ons die vorige regering haat of dankie sê vir wat met ons gebeur het?

Dit hang af hoe jou opleiding was en jou ingesteldheid. Die dissipline en opleiding wat ek gehad het was rof, maar goed vir my.

Ek was baie fiks en was gewoon aan dissipline in my ouers se huis, dus kon ek dit ook hanteer.

Op dood en seer was ek nie voorberei nie. Mense in pyn wat jy nie kan help nie, jou basis wat aangeval word, mense wat jy sien sterf en die agtelosige optredes van ons eie mense wat ander se dood gekos het . . .

Dit is my storie en ek voel bevoorreg om dit met julle te kon deel. So sal elkeen se storie verskil van persoon tot persoon.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Resep vir VLEISTERT

1 blikkie boeliebief, met vurk gevlok
1 blikkie Weense worsies, in skyfies gesny
6 gekookte eiers, in kwarte gesny
2 rou eiers, geklits
2 groot uie, gebraai
1 blokkie vleisaftreksel, gekrummel
30ml Botter of margarine
30ml Koekmeelblom
200ml Melk (verwarm)
Rooi en swart Peper

Smelt die botter in 'n kastrol oor lae hitte of oor kookwater.

Roer die koekmeelblom en swart peper na smaak geleidelik by die gesmelte botter tot dit glad is. (LW. NIE sout nie, die vleisaftreksel is sout genoeg.)

Voeg die warm melk bietjies-bietjies by en roer deurentyd tot die sous dik en glad is. Krummel die vleisaftreksel-blokkie hierby en roer in tot gesmelt.

Opsioneel: Voeg 190ml gerasperde kaas by en verhit tot die kaas gesmelt is.

Meng die vleis, worsies en uie bymekaar en gooi in tertbak, pak die eierkwarte tussen-in. Roer die 2 geklitste eiers by die witsous en gooi bo-oor, stuif bietjie rooipeper oor en bak in oond tot gestol. Bedien met vars groenslaai en basmati rys

STAMBOOM

BRITS johanbritz2005@yahoo.com

Oupagrootjie: Willem Jacobus Brits, getroud met Elizabeth Jacoba van Eden/Eeden?

Oupa: Louis Pieter Brits, getroud met Johanna Dorothea Espach, van Balfour Transvaal. Enige inligting welkom.

ENGELBRECHT steenkampanete1@gmail.com

Op soek na meer inligting oor Petrus Johannes Gerhardus Engelbrecht (1872 - 1922). Was getroud met Christina Maria Greeff.

GOUWS leonicomley26@gmail.com

Ek is gebore 9 April 1971 en het later uitgevind ek is aangeneem. My biologiese ma se van was Gouws en haar naam Katrina. Sy was 22 jaar oud toe sy my opgegee het vir aanneming. Al wat ek weet is dat sy een van 9 kinders is en dat sy verpleegkunde gestudeer het. As enige iemand kan help om haar op te spoor kontak my asseblief by hierdie email adres. Dankie.

HATTINGH mariapieterse@gmail.com

Ek is op soek na enige Hattingh wat op Elliot (Oos-Kaap) gebore is of wat enige inligting het oor enige Hattingh wat van Elliot af kom. Ek soek veral na Carel Hattingh wat moontlik op Queenstown bly.

JOOSTE jakejooste@telkomsa.net

Ek is op soek na Stefaans Engelbrecht van Warmbad.

NEL femiddelburg@mtloaded.co.za

Abraham Johannes Nel ons familie is in die Oos-Transvaal al vir n paar geslagte ek wil graag 'n stamboom opstel tot by die hugunote wat die land ingekom het.

PIENAAR f.est@lantic.net

Excelsior, Lady Brand en omgewing. Dogters Sarie Botha, Hettie van der Linde en Bettie van Niekerk.

SWANEPOEL MHoffman@justice.gov.za

Ek is op soek na my ouma se stamboom. Sy was Louisa Catharina Swanepoel gebore 12/11/1896 oorlede 12/4/1980 getroud met Corenlius Jacobus Badenhorst gebore 15 Julie 1891 oorlede 17/1/1971.

Hulle het 3 kinders gehad waarvan my pa die jongste was Frederick Johannes Badenhorst-nie familie naam van Badenhorst nie so ek glo hy is na my Ouma se familie vernoem.

TROWER wilsenach@gmail.com

Addisioneel: Any member of this family

VAN DER LINDE lvanderlinde@tasmedicarelocal.com.au

Hendrik Stephanus van der Linde (1804) Gert Johannes alwyn van der Linde (1826) Schalk Willem Jacobus van der Linde (1854)

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Die tannie dra koffie
aan en die manne grawe.
Dis emmer optrek, uitgooi
en laat sak. Optrek, uitgooi,
laat sak. 'n
Nimmer-eindigende ritueel.

Dis die jaar 1927. Daar heers groot opgewondenheid hier noord van die Magaliesberg. Die Hartebeespoortdam is voltooi en so ook die kanale waarmee die water na die plote verder noord sal vloei.

Van heinde en verre kom mense aan om die nuwe nedersetting te kom bewoon en bewerk. Groot drome word gedroom oor die blink toekoms wat hier wag, maar voorspoed kom nie sonder moeite en ook soms teenspoed nie.

Elke voornemende boer en sy gesin kry 'n stukkie grond so ongeveer 10 morge. Daar is 'n gerieflike huisie wat deur die staat gebou is op elke plot. Water moet uit die kanaal, wat toe nog net 'n groot diep grondsloot was, geskep. Baie water gaan verlore uit die kanaal weens wegsypeling en in die nabyheid van die kanaal is die grond redelik klam. Die lande is met donkies en klein primitiewe ploegies omgedolwe. Arbeiders is daar nie en seuns en dogters moet in die lande en in die huis help.

Omdat die water in die kanaal modderig is, besluit van die boere om 'n put naby die huis te grawe sodat die water van die kanaal kan deursyfer en dan is die water darem redelik skoon en ook naby die huis. So word daar nou by elke huis 'n put gegrawe. Ene Wors de Lange en sy broer is baie vaardig as dit by dinamietwerk kom en hulle word ingespan om die groot klippe wat verwyder moet word, weg te skiet. Die bure en almal help mekaar en spoedig is daar by amper elke huis 'n put.

Oom Botha is 'n man wat glo hy moet altyd net so 'n treetjie voor en beter as die ander boere wees en daarom dring hy daarop aan dat sy put "baie diep" moet wees. Die manne begin grawe, van vroeg tot laat en dit vorder fluks. Kort-kort is daar 'n lastige groot magneetklip wat eers stukkend geslaan moet word en dan uit die put verwyder moet word.

Die put word al dieper. Nou is die put al so diep dat die sand nie meer met die grawe uit die put gegooi kan word nie en die manne maak planne. 'n Riem met 'n groot emmer onderaan sal die ding doen. Die putgrawers gooi die sand in die emmer en die manne op die wal moet dit dan optrek en die sand iewers uitgooi.

Die emmer word weer laat sak en die volgende vrag sand na bo gehys. Dis 'n baie vermoeiende werk en dis warm maar Oom Botha wil nog dieper. Die tannie dra koffie aan en die manne grawe. Dis emmer optrek, uitgooi en laat sak. Optrek, uitgooi, laat sak. 'n Nimmer-eindigende ritueel. En dan tref die teenspoed hulle: daar is 'n soliede rotsblok wat die hele put se vloer bedek. Daar word met hamers en pikke geslaan en gekap maar die rotsblok roer nie. Oom Botha is vasbeslote: die put moet eenvoudig dieper. Nou bly net een oplossing oor: Wors de Lange en sy broer met die dinamiet! Hulle sal hierdie rotsblok se gal vir hom werk.

Nou moet jy darem weet, ou Wors is nie 'n klein mannetjie nie en hoe kry hulle hom onder in die put? Die ander putgrawers klou sommer so aan die riem vas en die manne op die wal laat sak dan stadig tot hy onder in die put land.

Daar bly hulle wat grawe dan tot dit tyd is om skofte te ruil of tot die natuur roep. Dan word hulle weer met die riem uitgetrek. Maar Wors de Lange is 'n lywige man en so bedink die manne 'n ander plan om hom onder in die put te kry en hopelik ook weer uit.

Die buurman het 'n baie sterk, mak en gewillige perd en die perd se krag word nou ingeroep. Eers word 'n lekker dik boomstomp oor die opening van die put geplaas. 'n Groot, sterk emmer word aan die punt van die riem vasgemaak en oor die stomp gehang. Die ander punt van die riem word aan die perd se tuig vasgemaak. Almal wag in spanning. Wors maak seker dat hy alles in sy blik trommeltjie het wat nodig is om 'n goeie lading dinamiet in die rots te laai.

Nou moet Wors in die emmer klim – dit op sigself is 'n ander dag se storie – en dan moet die perd stadig nader aan die put beweeg sodat die emmer met Wors kan afsak. Voor hy begin afsak word vir oulaas nog 'n paar instruksies gegee sodat die manne

hier bo sal weet wanneer om die ou perd bevel te gee om te trek deur verder van die put af te loop om sodoende vir Wors op te trek voor die dinamiet onder in die put afgaan. Wors is redelik vinnig na onder omdat sy gewig die gravitasie bietjie aanhelp. Onder in die put is dit klam en redelik donker.

Bo by die put loer almal oor die rand om te sien wat Wors daar onder doen en om seker te maak almal hoor as hy roep "trek!" Die ou perd staan ewe geduldig ook naby die rand van die put om op bevel die lywige vrag op te hys.

Nou is daar beslis ander geluide en bedrywighede onder in die put. Almal luister en wag. Dan skree Wors met 'n harde stem: "Trek, ek het aangesteek!"

Die perd kry 'n geniepsige raps op die boud om vinnig te kan wegspring, maar . . . pleks van wegspring, gaan lê die perd en so steeks soos kan kry. Die manne gryp die riem, trek met alle mag, ander praat met die perd, maar hy lê. Onder uit die put word die geroep nou byna histeries: "Trek, of wil julle my dood sien?"

Die manne hier bo wend 'n laaste desperate poging aan, die perd spring op, hol met 'n gesnork van die put af weg en die riem met die emmer en Wors daarin gly met 'n bonatuurlike spoed oor die stomp boontoe. Toe Wors en die emmer die bokant van die put bereik, gebeur alles gelyk: Wors en die emmer tref die stomp wat oor die put lê en terwyl die skoot dinamiet onder in die put afgaan, skiet Wors met 'n boog uit die emmer.

Die slag van die ontploffing is so hewig dat Wors se skoene van sy voete afgeruk word terwyl sy lyf nog plek soek om te land. Sand en klippe vlieg soos 'n vulkaniese uitbarsting by almal se koppe verby. Dit hardloop, val, skree, vloek, kruip op die grond rond, en die perd hol dat die emmer aan die riem hier en daar grondvat.

Toe die ergste stof gaan lê en almal weer op die voete is, skud Wors de Lange die laaste bietjie sand uit sy hare, soek sy skoene en sê ewe droog: "Manne, dit was nou amper vir jou 'n ding, nè!"

(Outeursopmerking: Hierdie is 'n ware gebeurtenis soos aan my vertel deur oom Lor du Preez.)

STAMBOOM (vervolg)

VAN GRAAN vgraanf@yahoo.com

My pa en oupa is van Worcester en die familie kom van daardie omgewing soos Robertson. Pa was Hendrik Christoffel en oupa was Jacobus Josias Francois.

VAN JAARVELD mhvosloo@gmail.com

My pa was Marthinus Johannes Prinloo van Jaarsveld vernoem na sy oupa MJ Prinsloo. Ek sal baie graag soveel as moontlik wil uitvind van my oupagrootjie se stamboom. My ouma was Machielina Catharina Prinsloo, met broers en susters waarvan ek soms net een naam het. Wilhelmina get. met Koos Uys gevestig in Delmas distrik (bekend as Koos Hoofveld); Anna get. met 'n Louw Erasmus, hulle was gevestig in Kafferskraal, Cullinan-distrik; Antoon getroud met tant Ann Enslin: Willem prinsloo; Machiel Prinsloo; Lenie get. met bg Koos Uys se broer Piet Uys.

VAN NIEKERK amigo@crazyweb.co.za

Van Niekerk-stamboom.

KAMMANUUS EINDIG HIER. ONS MAAK WEER SO OP 1 JULIE